

SA kunstenaar lewer pleidooi vir blootstelling van animasiekuns



© 30 Jun.

Elretha Britz


NETWERK24

DEEL



Luister na artikel

04:50



Een van die stilfoto's uit Diek Grobler se poësiefilm 'Transparent van 'n tongvis' gegrond op 'n gedig van Antjie Krog. Foto's: Verskaf

Die Suid-Afrikaanse kunstenaar Diek Grobler se jongste poësieprent was een van 12 inskrywings uit 180 van oor die wêreld heen wat vir die eindronde van die La Poesia Che Si Vede-kompetisie in Ancona, Italië, gekeur is.

Hy vertel per e-pos meer oor *Transparent van 'n tongvis*, wat op 'n gedig van Antjie Krog gegrond is, gee sy mening oor kompetisies en lewer laastens 'n pleidooi vir blootstelling van animasiekuns.

Ek beskou die doel met en funksie van 'n kunswerk nie om die beste te wees nie. Dit is dus vir my heeltemal voldoende dat *Transparant van 'n tongvis* saam met 11 ander op 'n internasionale platform verskyn, waar ek glo dit hoort.

”

Oor kompetisies en feeste

“ 'n Kunstenaar moet inskryf. Animasie- en poësiefeeste soos hierdie is een van die maniere om jou werk aan 'n internasionale gehoor bekend te stel. Hoewel 'n mens jou kuns op platforms soos YouTube kan plaas, beteken dit nie die publiek sal dit noodwendig daar sien nie.




“Wanneer so 'n prent klaar is, verg dit heelwat tyd en soms ook groot uitgawes om dit te stuur vir feeste waar dit deur 'n keuringsproses gaan en langs dié weg 'n toegewyde en gespesialiseerde gehoor bereik.

“Feeste wat spesifiek op poësieprente gerig is, is redelik skaars, omdat dit nie 'n algemene genre soos ander animasiefilms is nie.

“Die probleem met kompetisiepryse in die kunste is dat jy appels met lemoene vergelyk. 'n Kunswerk is nie soos hoogspring nie. Daar is nie een maatstaf waaraan jy al die kunswerke kan meet nie. Elke werk het 'n eiesoortige vertrekpunt, rol en einddoel.

“Ek beskou die doel met en funksie van 'n kunswerk nie om die beste te wees nie. Dit is dus vir my heeltemal voldoende dat *Transparant van 'n tongvis* saam met 11 ander op 'n internasionale platform verskyn, waar ek glo dit hoort.

“Ek stel ook nie belang in keurders se terugvoering nie. Dit is tog net een mens se mening. Internasionale blootstelling is veel belangriker. Krog is uiteraard ’n digter van internasionale gehalte, en my en die Nederlandse musikant Anne van Schothorst se werk eweneens so.



Die skaars tongvissie in Diek Grobler se jongste poësiefilm, wat tans blootstelling op ’n internasionale platform kry.

Die verloop van ’n poësieprent

“*Transparant van ’n tongvis* is ’n samewerking tussen my en Anne van Schothorst. Sy komponeer en improviseer harpmusiek wat dikwels deur poësie geïnspireer is en heel dikwels deur verse van Antjie Krog.

“Op ’n dag het sy my genader om ’n poësiefilm van een van die komposisies te maak. Ek het om twee redes op *Transparant van ’n tongvis* besluit: Tongvisse is skaars visse wat my baie jare al fassineer; daarby het ek die meeste van dié spesifieke kombinasie van gedig en musiek gehou.

“Anne werk besonder delikaat en noukeurig met gedigte. Haar musiek hang so om die woorde rond en oordonder dit nooit nie. ’n Fyn balans is juis ’n belangrike aspek wanneer verskillende kunsvorms bymekaargevoeg word, en Anne se hantering van Antjie se *Transparant* sodanig dat ek visuele beelde kon byvoeg terwyl ek steeds al drie elemente in balans kon hou.

“Die animasie in die film het ek ekonomies aangewend – in swart en wit en met eenvoudige lyntekeninge.”



Ek werk tans aan twee animasiefilms. *Laaste Woord* is my eie film wat gaan oor die uitsterf van tale op 'n gedig van Martjie Bosman.



Animasie In wording en 'n pleedool

“Ek werk tans aan twee animasiefilms. *Laaste Woord* is my eie film wat gaan oor die uitsterf van tale op 'n gedig van Martjie Bosman.

“Vir *Yellow Daisy Butterfly* doen ek net die regie. Dit is gegrond op 'n teks van Bianca O'Neill, word vervaardig deur Dorette Nel en is 'n film gemik op kinders. Die verhaal handel oor 'n dogtertjie wat leer om die dood van haar ouma te verwerk.

“My klein maar talentvolle span medewerkers is die animeerders Erentia Bedeker en Kabelo Maaka en die formidabele Mart-Marie Snyman, wat die musiek vir albei films komponeer en uitvoer.

“*Laaste Woord* en *Yellow Daisy Butterfly* behoort aan die begin van 2023 gereed te wees om op die internasionale feesroete gestuur te word. Dit sal dus 'n ruk neem voordat dit aanlyn te sien sal wees.”

Grobler se slotwoord is 'n versugting.

“ 'n Mens hoop so een van die plaaslike uitsaaiers wil animasiefilms van internasionale gehalte uitsaai. In die 20 jaar dat ek films maak, het dit egter nog nooit gebeur nie.

“My film *Net een slukkie padda* was 'n jaar lank op Amazon Prime, maar nooit op een van ons plaaslike TV-kanale nie.”